# SWAAN EN FLAMINK

## PREPRIMÊRE SKOOL



---

# FINANSIËLE BEPALINGS 2026

---

1. **UITEENSETTING VAN SKOOLGELDE**

1.1 SKOOLFOOIE

1.1.1 Hierdie is die kernfooi en befonds die ontwikkeling en opvoeding wat die kinders by Swaan en Flamink ontvang elke dag.

1.1.2 Daar word ‘n onderskeid getref tussen die fooie vir babas en peuters, wat meer aandag verg en gevolglik kleiner klassies het, en kleuters.

1.1.3 Die Peuterfooi is vir die hele jaar van toepassing op die Peuterklas leerders.

1.1.4 Skoolfooie word ook gebruik om uitstappies en instappies te befonds en sluit alle opvoedkundige speelgoed en skryfbehoeftes in.

1.2 NASKOOLFOOIE

1.2.1 Hierdie fooi is slegs van toepassing indien u kinders in die namiddag ook by Swaan en Flamink bly.

1.3 VAKANSIESKOOLGELDE

1.3.1 Die vakansieprogram word aangebied teen ‘n koste van R110 per kind per dag.

MOEDER EN VADER PARAFEER HIER

DATUM

1.3.2 Die volle hoeveelheid dae wat u kleuter die vakansieskool gaan bywoon moet twee weke voor die aanvang van die vakansie bevestig, en betaal word.

1.3.3 Die betaling is ongelukkig nie terugbetaalbaar indien u kleuter nie die dae bywoon wat bevestig is nie. Hierdie benadering is nodig omdat daar voor die tyd reëlings (teen 'n koste) getref moet word vir voldoende personeel vir die hele vakansie, en as 'n kind bywoning bevestig en nie bywoon of betaal nie word die vakansieskool teen 'n verlies bedryf, en ly die finansies van die skool as 'n geheel daaronder.

1.4 INTREEFOOI

Die intreefooi is 'n eenmalige nie terugbetaalbare administrasiefooi wat by die eerste inskrywing van u kind by Swaan en Flamink gehef word en sluit die koste van 'n matrassie en sloop in. **Die intreefooi vir 2026 is R1 000.**

2.1 SKOOLFOOIE

Skoolfooie word jaarliks vasgestel deur die Raad. Jaarlikse skoolfooi verhoging is inflasioner gekoppel.

2.1 SKOOLFOOIE VOLDAG / HALFDAG

| | |
|---|---|
| LLAMA- , KEWER- & BYTJIE KLASSE | R6 610PM / R5 700PM |
| OLIFANTE, KAMEELPERDE, | R5 016PM / R4 107PM |
| LEEUS & ZEBRAS | R5 016PM / R4 107PM |
| UILTJIES, APIES, PIEPMUISE | R5 016PM / R4 107PM |

**BETAAL OPSIES**

1. Skoolgelde voor of op 28 Februarie 2026 vereffen – korting van 10% toegestaan.
2. Paaiemente (skoolfooie) word oor 10 maande versprei (begin 1 Februarie tot 1 November).
3. Skoolfooie vir kleuters wat gedurende die jaar aansluit, word dieselfde maandelikse fooie gehef as jaarlikse kleuters.
4. Of 4 gelyke paaiemente aan die begin van 'n kwartaal:
5. Debietorders se paaiemente word oor 10 maande versprei( begin 1 Februarie tot 1 November).

**VAKANSIESKOOL**

R110 per kind per dag.

**INTREEFOOI**

R1 000.

**BETALING VAN SKOOLGELDE**

Skoolfooie en naskoolfooie is streng vooruitbetaalbaar voor of op die eerste (1) van elke maand. 1 Februarie tot 1 November.

Indien 'n paaiement na die veertiende (14de) dag van 'n maand nog uitstaande is, behou die Raad die reg voor om die skoolbywoning van die betrokke kleuter te beëindig en is die betrokke ouers/voogde steeds vir die betaling van daardie paaiement verantwoordelik.

Skoolfooie en naskoolfooie is betaalbaar vir die jaar ongeag skooltermyne en – vakansies en ongeag of die kind vir welke rede ookal afwesig is gedurende daardie maand.

Alle gelde is elektronies betaalbaar in die skool se bankrekening.

**Bankbesonderhede:**

Whitestraat Kleuterskole

Nedbank

Brooklyn taknommer: 163 145

Rekeningnommer: 1631 039 199

Verwysing: Kind se naam en van

**LET WEL: GEEN KONTANT WORD AANVAAR NIE WEENS SEKURITEITSREDES. VERSKAF ASB BEWYS VAN ELEKTRONIESE BETALINGS AAN DIE SKOOLKANTOOR**

6. **IMPLIMENTERING VAN DEBIETORDERSTELSEL**

6.1 Skoolgelde word maandeliks deur die skool by wyse van ‘n debietorderstelsel gevorder van die ouerrekening waarvan besonderhede in Aanhangsel SF3A deur die ouer verskaf word.

6.2 Die ouer onderneem om gemelde magtiging nie te kanselleer vir solank hierdie kontrak geldig is nie.